

# Soek jy 'n fantastiese tutor?

[www.teachme2.com/matriek](http://www.teachme2.com/matriek)





# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SIVIELE TEGNOLOGIE: KONSTRUKSIE**

**NOVEMBER 2019**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 200**

**Hierdie nasienriglyne bestaan 18 bladsye.**

**VRAAG 1: WBGV, VEILIGHEID, MATERIAAL, GEREEDSKAP, TOERUSTING EN HEGTING (GENERIES)**

- 1.1      1.1.1      B ✓ (1)
- 1.1.2      I ✓ (1)
- 1.1.3      A ✓ (1)
- 1.1.4      G/H ✓ (1)
- 1.1.5      C ✓ (1)
- 1.1.6      F ✓ (1)
- 1.1.7      J ✓ (1)
- 1.1.8      E ✓ (1)
- 1.2      Elektroplatering:
- beskerm metale teen korrosie. ✓
  - verbeter die ingenieurs- en meganiese eienskappe van metaal. ✓
  - kan gebruik word om die dikte van ondermaat onderdele te vergroot.
  - is dekoratief.
  - sal die lewensduur verleng.
- ENIGE TWEE VAN DIE BOGENOEMDE** (2)
- 1.3      Nabehandeling ✓ (1)
- 1.4      Die vogtigheid:
- vertraag/verhoed die vinnige droogmaak van vars beton.
  - verhoed dat beton kraak. ✓
  - verseker dat vars beton behoorlik verhard/toeneem in sterkte.
  - laat kleefverbinding toe.
  - verhoog die sterkte van vars beton.
- ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** (1)
- 1.5      • Wanneer materiaal in groot maat vervoer word, moet dit stewig vasgemaak wees. ✓
- Wanneer materiaal na hoër vlakke vervoer word, maak seker dat werkers 'n veilige afstand handhaaf vanaf die materiaal wat oorhoofs vervoer word. ✓
- Wanneer swaar materiaal met 'n masjien vervoer word, moet 'n opgeleide persoon in beheer van die bedrywigheid wees.
- Dra toepaslike persoonlike beskermende toerusting/PBK.
- Materiaal moet op 'n veilige manier vervoer word.
- Vervoer moet nie met materiaal oorlaai word nie.
- ENIGE TWEE VAN DIE BOGENOEMDE** (2)

1.6 Steierplanke moet:

- gemaak word van soliede hout ten minste 228 mm wyd en 38 mm dik. ✓
- instaat wees om die las te kan dra.
- vry van defekte wees.
- nie geverf word nie omdat dit defekte weg sal steek/glyerig sal wees.
- ondersteun word op afstande wat nie 1,25 m oorskry nie.
- nie minder as 70 mm en nie meer as 230 mm verby die laaste stut uitsteek nie.
- stewig vasgemaak wees om verskuiwing te verhoed.
- op so 'n manier geplaas word om die deurval van materiale en gereedskap te verhoed.

**ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** (1)

1.7 1.7.1 Bukswaterpas ✓ (1)

1.7.2 Indien die bukswaterpas nie waterpas opgestel word nie sal:

- dit onakkurate lesings gee. ✓
- verkeerde vlakke oorgedra word.
- ware vlakke nie oorgedra kan word nie.

**ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** (1)

1.8 1.8.1 A – Plastiese prop/Prop/Rawl prop/Fisher prop/Veselpop ✓ (1)

1.8.2 'n Skroef ✓ (1)

1.8.3 Plastiese proppe word gebruik vir die vasheg van:


- kaste teen 'n muur. ✓
- spiëls teen 'n muur.
- portrette en soortgelyke voorwerpe teen 'n muur.
- voorwerpe, beperk tot 'n sekere massa, teen 'n muur.

**ENIGE EEN VAN DIE BOGENEMDE** (1)  
**[20]**

**VRAAG 2: GRAFIKA AS KOMMUNIKASIEMIDDEL (GENERIES)****ANTWOORDBLAD 2**

NR.	VRAAG	ANTWOORDE	PUNTE
1	Identifiseer die aansig in FIGUUR A.	Wesaansig ✓	1
2	Identifiseer die tipe dak wat op die gebou in FIGUUR A gebruik is.	Skilddak ✓	1
3	Identifiseer nommer 1.	Nokplaat/Nokteël ✓	1
4	Identifiseer nommer 4.	Balkon/Vloerblad van balkon/Kantelbalk/Betonblad ✓	1
5	Identifiseer nommer 5.	Buite deur/Ingangsdeur/Deur ✓	1
6	Identifiseer nommer 7.	Geut ✓	1
7	Identifiseer nommer 8.	Reënwaterafvoerpyp/RWA/Afvoerpyp ✓	1
8	Identifiseer nommer 12.	Wastrog/Wasgoedbak ✓	1
9	Identifiseer nommer 13.	Ingeboude kas/IGK ✓	1
10	Identifiseer nommer 15.	Bordes ✓	1
11	Identifiseer die maatskappy wat die bouplan gedruk het.	Dlamini drukkers ✓	1
12	Noem 'n geskikte materiaal wat vir die vervaardiging van nommer 2 gebruik kan word.	Veselsement/Gegalvaniseerde plaat/Hout/Plastiek/PVC/Polivinielchloried ✓	1
13	Benoem die tekensimbool in die kolom vir die notas in FIGUUR 2 wat in die kombuis geïnstalleer moet word.	Elektrisiteitsmeter/Elektriese meter/Watt-meter/Voorafbetaalde meter ✓	1
14	Benoem die tekensimbool in die kolom vir die notas in FIGUUR 2 wat die tipe stene vir die bouwerk aandui.	Siersteen ✓	1
15	Noem 'n materiaal wat NIE vir die vervaardiging van die raam van nommer 9 vir kusgebiede gebruik moet word NIE.	Staal/Sagte staal/Yster/Ysterhoudende metale ✓	1

16	Noem 'n materiaal wat gebruik kan word om die sanitêre toebehore wat deur nommer 11 aangedui word, te vervaardig.	Vlekvrye staal/Plastiek/Keramiek/Graniet/Akrieliek/Veselglas/Beton✓	1
17	Wie het die bouplan nagegaan?	P Carter ✓	1
18	Hoeveel tipes vensters word in FIGUUR B gebruik?	2 ✓	1
19	Waarvoor staan die afkorting NGV by nommer 6?	Natuurlike grondvlak ✓	1
20	Gee die verwysingskode vir hierdie plan.	QP 2-2019 ✓	1
21	Watter vertrek sal elektriese simbool 16 bedien?	Sitkamer ✓	1
22	Beskryf die doel van nommer 3.	Verhoed dat persone afval/deurval. ✓✓	2
23	Verduidelik wat die geboë lyne tussen die elektriese installasies in FIGUUR B aandui.	Elektriese bedrading/Bedrading/Elektriese kabel/Bedrading vanaf ligskakelaar na lig/Toon aan watter skakelaar watter lig bedien. ✓✓	2
24	Verduidelik waarom die ligskakelaar aan die buitekant van die badkamer gemonteer is.	Verhoed dat stoom/vogtigheid die elektriese skakelaar binnedring/Om elektriese skok as gevolg van vogtigheid te voorkom/Vir veiligheids doeleindes✓	1
25	Identifiseer in FIGUUR 2 watter aansig NIE vensters het NIE.	Noordaansig ✓	1
26	Identifiseer die dikte van die binnemuur in FIGUUR 2.	110 mm ✓	1
27	Onderskei tussen simbool 13 en 15 ten opsigte van die doel daarvan.	13 – Ingeboude kas: om items te stoor ✓ 15 – Bordes: om te rus/veiligheidskenmerk/verander rigting van trap ✓	2
28	Regverdig waarom FIGUUR B 'n grondvloerplan is.	Grondvloerplan: <ul style="list-style-type: none"> <li>• dui nie die daklyn aan nie ✓</li> <li>• dui nie die balkon aan nie</li> <li>• dui 'n ingangsdeur/buitedeur na huis aan</li> <li>• dui 'n trap voor buitedeur aan</li> <li>• die vensters en deur stem ooreen met die posisie van die vensters en deur in die wesaansig</li> </ul>	1


29	Voorspel wat sal gebeur as nommer 10 NIE geïnstalleer word NIE.	Water/Vogtigheid sal die muur binnedring. ✓	1
30	Teken die trappe in FIGUUR B oor in die kolom langsaan en dui die rigting van die styging deur middel van pyle aan.		2
31	Bereken die totale lengte van die muur aan die oostekant van die gebou. Toon ALLE berekeninge.	$220 \checkmark + 2\,600 \checkmark + 110 \checkmark + 3\,400 \checkmark + 220 \checkmark$ $= 6\,550 \text{ mm or } 6,55 \text{ m } \checkmark$ <b>INDIEN DIE VERKEERDE METODE GEBRUIK WORD IN DIE BEREKENING GEBRUIK DIE VOLGENDE GLYSKAAL:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 4 PUNTE SAL TOEGEKEN WORD INDIEN AL VYF WAARDES KORREK IS</li> <li>• 3 PUNTE SAL TOEGEKEN WORD VIR VIER KORREKTE WAARDES</li> <li>• 2 PUNTE SAL TOEGEKEN WORD VIR DRIE KORREKTE WAARDES</li> <li>• 1 PUNT SAL TOEGEKEN WORD VIR TWEE KORREKTE WAARDES</li> </ul>	6
		<b>TOTAAL:</b>	<b>40</b>

**VRAAG 3: DAKKE, TRAPPE EN VERBINDING/HEGTING (SPESIFIEK)**


- |     |   |                    |     |
|-----|---|--------------------|-----|
| 3.1 | 3.1.1   | 10° ✓              | (1) |
|     | 3.1.2   | 650 mm ✓           | (1) |
|     | 3.1.3   | 38 mm ronde pale ✓ | (1) |
| 3.2 | Voorafgeboorde gate gevul met voegbry ✓<br>Bout baluster aan loopstuk/aantree vas<br>Baluster word aan die sykant van die loopstuk/aantree<br>vasgebout/vasgeskroef.<br>Bout en moer<br><b>ENIGE EEN VAN BOGENOEMDE</b> |                    | (1) |
| 3.3 | Grootkopspykers/Spykers/Skroewe/Boute ✓   |                    | (1) |



3.4




OF



ASSESSERINGSKRITERIA	PUNT
Muur	1
Bordes	1
Baluster	1
Handrelings	2
DRIE loopstukke	1
Beton	1
Enige TWEE byskrifte	2
Korrektheid van tekening	1
<b>TOTAAL:</b>	<b>10</b>

(10)

3.5



**TEKENING NIE OP SKAAL NIE**  
**GEbruik 'N MASKER OM HIERDIE VRAAG NA TE SIEN**

ASSESSERINGSKRITERIA	PUNT
Mure	2
Muurplate	2
Daksparre	2
Nokbalk	1
Bindbalk	1
Enige DRIE byskrifte	3
Afmeting van die spanwydte	1
Toepassing van skaal: EEN of TWEE verkeerd = 3 DRIE of VIER verkeerd = 2 Meer as VYF verkeerd = 1	3
<b>TOTAAL:</b>	<b>15</b>

(15)  
[30]

**VRAAG 4: UITGRAWINGS, BEKISTING, GEREEDSKAP, TOERUSTING EN MATERIAAL (SPESIFIEK)**

- |     |       |   |     |
|-----|-------|---|-----|
| 4.1 | 4.1.1 | 600 mm ✓  | (1) |
|     | 4.1.2 | 1 meter ✓   | (1) |
|     | 4.1.3 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Swaar reën ✓</li> <li>• Swak grondlae, grondstruktuur of grondsamestelling ✓</li> <li>• Sykante nie teen die korrekte hoek gegrawe nie</li> <li>• Onbehoorlike gebruik van bekisting of skoring om die mure te ondersteun</li> <li>• Vibrasie deur masjinerie of swaar voertuie naby die uitgraving</li> <li>• Water wat in die uitgegraafde area insypel</li> <li>• Kontak met ondergrondse dienspype</li> <li>• Toegang tot die uitgang vanaf die uitgraving</li> <li>• Trokke moet nie naby die rant van die uitgraving kom nie.</li> <li>• Grondverskuiwings as gevolg van krake of los grond</li> </ul> | (2) |
|     |       | <b>ENIGE TWEE DIE VAN BOGENOEMDE</b>  | (2) |
|     | 4.1.4 | 1,5 meter ✓   | (1) |
|     | 4.1.5 | Vloevulling kan gedoen word/Bekisting/Bekisting kan opgerig word ✓  | (1) |
| 4.2 | 4.2.1 | A- sal gebruik word in vlak slote/los grond ✓<br>B- sal gebruik word in ferm grond ✓  | (2) |
|     | 4.2.2 | C- Stutplanke ✓<br>D- Bekledingsborde ✓   | (2) |
|     | 4.2.3 | A – Het geen spasie tussen die borde ✓<br>B – Het oop spasies tussen die borde ✓  | (2) |
| 4.3 | 4.3.1 | Kragvryfplank/Kragstrykplank/Kragstryker ✓  | (1) |
|     | 4.3.2 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hou in stand soos alle masjinerie – olie en verstel volgens die vervaardiger se instruksies. ✓</li> <li>• Maak skoon na gebruik. ✓</li> <li>• Stoor op 'n veilige, droë plek.</li> <li>• Diens die kragvryfplank/kragstrykplank/kragstryker gereeld.</li> </ul>  | (2) |
|     |       | <b>ENIGE TWEE VAN DIE BOGENOEMDE</b>  | (2) |
|     | 4.3.3 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gaan dit voor gebruik na vir slytasie en beskadigde onderdele. ✓</li> <li>• Gaan voor gebruik die kontroles na om te kyk of alles behoorlik werk. ✓</li> </ul>   | (2) |

4.4 25/30 MPa ✓ (1)

4.5

- Ware sakking ✓
- Skuifsaakking ✓
- Ingestorte sakking ✓


**INDIEN DIE TWEDE DEEL VAN DIE ANTWOORD “SAKING” NIE GENOEM WORD NIE SAL ‘N MAKSIMUM VAN 2 PUNTE VIR DIE VRAAG TOEGEKEN WORD.** (3)

4.6

- Klam sand/Sand ✓
- Skoon sand
- Grond
- Goiingsakke
- Strooi
- Houtsaagsels
- Seildoek
- Sakstof

**ENIGE EEN DIE VAN BOGENOEMDE** (1)

## 4.7




ASSESSERINGSKRITERIA	PUNT
Bekistingsbordsye	2
Klampe	2
Hegplate	2
Wiggies	2
Verspanstukke/Stutte	4
Verbinding van verspanstukke aan draer	1
Enige DRIE byskrifte	3
Korrektheid van tekening	2
<b>TOTAAL:</b>	<b>18</b>

(18)  
[40]

**VRAAG 5: PLEISTER EN VLAKLAAG, STEENWERK EN GRAFIKA AS KOMMUNIKASIEMIDDEL (SPESIFIEK)**


- 5.1
- Gladde afwerking ✓
  - Gegolfde oppervlak
  - Saksmeringsafwerking
  - Spatselafwerking
- ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** (1)
- 5.2 Maak die muur deeglik nat ✓ (1)
- 5.3 Eienskappe van goeie pleister:
- Werkbaar ✓
  - Kleefbaar
  - Goeie water retensie vermoë
- ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** (1)
- 5.4 15 mm tot 40 mm ✓ (1)
- 5.5
- 5.5.1
- A- Stene/Plaveisel/Sement plaveistene ✓
  - B- Bedding/Sand/Sandbedding/Vlaklaag ✓
  - C- Basis (massa beton) ✓
  - D- Vogweermembraan/VWM/Plastiese laag/Vogweerlaag/VWL ✓
- (4)
- 5.5.2
- Die betonskouer is te dun om homself te ondersteun. ✓
  - Daar is te min gewig om die struktuur te behou en die plaveisel in plek te hou.
  - Die verband tussen die skouer en die kanteenhede is swak.
  - Die subbasis word nie ingehou nie en sal deur grondwater uitgespoel word.
  - Swak grond voorbereiding.
- ENIGE EEN VAN BOGENOEMDE** (1)

5.6



Korrektheid ✓✓

OF




Korrektheid ✓✓

ASSESSERINGSKRITERIA	PUNT
Doodloopen	2
Binnelaag van spoumuur	1
Buitelaag van spoumuur	1
Muurbint (Enige soort)	1
Korrektheid van tekening	2
<b>TOTAAL:</b>	<b>7</b>

(7)

5.7

**TEKENING NIE OP SKAAL NIE.****GEBRUIK 'N MASKER OM HIERDIE VRAAG NA TE SIEN.**

ASSESSERINGSKRITERIA	PUNT
Kosynstyl: 105 mm x 70 mm	2
Vensterstyl: 60 mm x 45 mm	2
Kosynbint: 25 mm wyd	1
Glas: 3 mm dik	1
Stopverf	1
Interne vensterbank	1
Eksterne vensterbank	1
VWL	1
Enige EEN byskrif	1
Toepassing van skaal: EEN of TWEE verkeerd = 3 DRIE of VIER verkeerd = 2 VYF en meer verkeerd = 1	3
<b>TOTAAL:</b>	<b>14</b>

(14)  
[30]



**VRAAG 6: WAPENING IN BETON, FONDASIES, BETONVLOERE EN HOEVEELHEDE (SPESIFIEK)**

6.1 6.1.1 D ✓ (1)

6.1.2 A/B ✓ (1)

6.1.3 C ✓ (1)

6.1.4 A ✓ (1)

6.1.5 D ✓ (1)

6.2 Heipaal fondasies:

- Moet gebruik word wanneer grondtoestande onstabiel of nie stewig genoeg is om gewone fondasies te ondersteun nie. ✓
- Fondasieheipale versprei die las na meer stabiele grond en kan gebruik word as ondergrondse of onder water ondersteuning. ✓
- Heipale verskaf stabiliteit wanneer vlot en drywende fondasies gebruik word.
- Wanneer strukture onderhewig is aan horisontale kragte weerstaan heipaal fondasie buigspanning terwyl dit steeds vertikale steun bied.
- Waar grond geneig is tot uitsetting en inkrumping volgens die vog inhoud.
- Wanneer die bobou blootgestel is aan opheffende kragte.
- Waar gronderosie moontlik is, moet heipale gebruik word om die las van die bobou te dra.

**ENIGE TWEE VAN DIE BOGENOEMDE** (2)

- 6.3
- Bore ✓
  - Stamper ✓
  - Heipaalvalhammer/Valhammer ✓
  - Trokke
  - Hyskrane

**ENIGE DRIE VAN DIE BOGENOEMDE** (3)

6.4	<b>Staalpyp-ciassonheipale</b>	<b>Voorafgegote betonheipale</b>
	Staalpyp omhulsel word in die grond in gedryf met 'n valhammer en gevul met beton/in situ beton. ✓	Die hele voorafgegote heipaal word in die grond in gedryf deur gebruik te maak van 'n valhammer. ✓

(2)

6.5 6.5.1 Rib-en-blokvloer ✓ (1)

- 6.5.2
- Laat 28 dae toe vir die verharding van die betonvloer. ✓
  - Die beton moet vogtig gehou word vir 7 dae na gieting om nabehandeling te verseker. ✓
  - Tydelike stutte kan eers verwyder word nadat die betonblad breeksterkte van 17 MPa bereik het. ✓
  - Hou by die normale tye vir die verwydering van bekisting.
  - Verseker minimum beweging op die rib-en-blokvloer na gieting.
  - Normale konstruksie aktiwiteite kan eers hervat word nadat die beton behoorlik gebind het.
  - Inspekteer vir sigbare defekte.

**ENIGE DRIE VAN DIE BOGENOEMDE** (3)


6.5.3 In-situ beton/Massa beton/Bewapende beton ✓ (1)

6.5.4 Die wydte/lengte/grootte van die beton holblok. ✓ (1)

- 6.5.5
- Die beton kan kraak. ✓
  - Die strukturele integriteit van die beton kan in die gedrang gestel word.
  - Beton/Struktuur kan inmekaar val.

**ENIGE EEN VAN DIE BOGENOEMDE** (1)

6.6



Korrektheid ✓

ASSESSERINGSKRITERIA	PUNT
Ankerstaaf	2
Skuifstaaf	2
Spasiëring van Beuels/Binders	2
Hoofstaaf	2
Min betonbedekking	1
Enige EEN byskrif	1
Korrektheid van tekening	1
<b>TOTAAL:</b>	<b>11</b>

(11)

6.7

A	B	C	D	
6.7.1			<b>Totale lengte van muurplaat benodig:</b>	
	2/ ✓	<u>8,56 m</u> ✓	17,12 m ✓	Lengte van muur = 9 000 mm ✓ – 2/220 ✓ = 8 560 mm
				(5)
6.7.2			GEEN EENHEID IN FINALE ANTWOORD, GEEN PUNT	
			<b>Getal dakkappe benodig:</b>	
			<u>Interne afmeting</u> + 1 dakkap Hartafstand	
			<u>8 560 mm</u> ✓ + 1 dakkap ✓ 1 070 mm ✓	
			= 8 + 1 dakkap ✓	(5)
			= 9 dakappe benodig ✓	

[40]

**TOTAAL: 200**